



Die versameling van inligting

Die eerste aspek van die praktyk van die tekskritiek is die versameling van inligting. Daar moet naamlik deur die beskikbare bronne gewerk word, ten einde te bepaal wat die status van die bronne is en watter variante lesings daar in die bronne voorkom. Dit is die basis waarop die hele praktyk van die tekskritiek gebou word.

1. DIE OPSPORING VAN BRONNE

1.1 Manuskripte

Die eerste stap in die versameling van inligting is die opsporing van bronne. Daar moet in die eerste plek so noukeurig moontlik in lyste van manuskripte gekyk word ten einde 'n opname van die beskikbare bronne te maak. Na so 'n opname moet bepaal word watter van die manuskripte gepubliseer is en waar die publikasies beskikbaar is. Daarna moet bepaal word in watter biblioteke, museums, versamelings, ensovoorts die res beskikbaar is. Elke toepaslike manuskrip wat die gedeelte bevat wat ondersoek word, moet bekom word, òf by wyse van 'n publikasie daarvan, òf by wyse van die een of ander reproduksie daarvan.

Daar is drie wyses waarop 'n manuskrip gepubliseer kan word, 'n faksimile-uitgawe, waar die manuskrip deur foto's gereproduseer word; 'n transkripsie-uitgawe, waar die manuskrip deur die uitgewer of redakteur oorgeskryf of oorgetik word; en 'n kollasie-uitgawe, waar die manuskrip met 'n bestaande gedrukte teks (gewoonlik die *Textus Receptus*) vergelyk word en slegs die verskille tussen die manuskrip en die vergelykingsbasis weergegee word. Onder die drie soorte is die eerste die beste, omdat dit 'n presiese weergawe van die betrokke manuskrip is. Transkripsies en kollasies het dié nadeel dat dele van die oorspronklike manuskrip wat moeilik leesbaar is nie deur die gebruiker gekontroleer kan word nie. Die gebruiker weet dus nie wanneer die uitgewer of redakteur 'n leesfout gemaak het nie.

Van dié manuskripte wat nie gepubliseer is nie, moet die oorspronklike self (of die een of ander ongepubliseerde kopie daarvan) geraadpleeg word. Die mikrofilmversameling van die *Institut für neutestamentliche Textforschung* in Münster, Wes-Duitsland, is 'n belangrike bron. Ongelukkig is daar in die proses van verfilming 'n ooreenkoms met die instansies waar die manuskripte bewaar word, gesluit, waarvolgens dit vir die instituut nie toelaatbaar is om kopieë van hierdie

manuskripte aan buitelanders beskikbaar te stel nie. Wie 'n manuskrip wil raadpleeg, moet dus self by die instituut gaan werk. Ondanks hierdie probleem is hierdie sentrale beskikbaarheid van manuskripte tog besonder voordelig en bespaar dit baie kostes vir mense wat manuskripte wil raadpleeg. Ander sentra waar manuskripte op mikrofilm bewaar word, soos die *Library of Congress* in Washington DC, VSA, of die *Vetus Latina Institut* in Beuron, Wes-Duitsland (vir Latynse manuskripte), is bereid om onder bepaalde omstandighede kopieë van die mikrofilms beskikbaar te stel.

Literatuur: K Aland 1954; 1957a; 1963; 1967h; 1969a; Charlesworth 1980; KW Clark 1950; 1953; JK Elliott 1988b; Von Dobschütz 1924; 1926; 1928; 1933; en berigte in *Kunst* (ed) 1969; 1970; 1972; 1974; 1977; 1979; 1982; 1985.

1.2 Vertalings

Naas die manuskripte moet die ou vertalings geraadpleeg word. Normaalweg word gepubliseerde uitgawes van die vertalings eerder as individuele manuskripte geraadpleeg. Slegs in die geval van die Oud-Latynse en Oud-Siriese vertalings word die manuskripte individueel geraadpleeg.

Literatuur: Fischer 1949; AS Lewis 1894; 1910; Metzger 1977.

1.3 Sitate

Die derde groep bronne wat in die versameling van data gebruik word, is die patristiese sitate. Die versameling van hierdie materiaal hou in dat elke antieke geskrif waarin uit die Nuwe Testament aangehaal word noukeurig gelees moet word, ten einde te bepaal op watter plekke in die betrokke geskrif na die Nuwe Testament verwys word of daaruit aangehaal word. Alle moontlike verwysings na of aanhalings uit die betrokke gedeelte is relevant, van paragrawe in geheel tot enkele frases.

Vanselfsprekend vereis dit 'n baie noukeurige kennis van die Nuwe Testament om hierdie aanhalings raak te sien. Vir een mens sou dit onmoontlik wees om al die patristiese materiaal vir hierdie doel deur te werk. Gelukkig is hierdie proses deur die eeue heen deur verskillende mense gedoen, met die gevolg dat daar vandag talle hulpmiddels is waarin die inligting beskikbaar is. Benewens die feit dat sommige van die betrokke geskrifte 'n volledige indeks van verwysings na en aanhalings uit die Nuwe Testament bevat, is daar boeke wat spesiaal

saamgestel is met die verwysings en aanhalings waarin elke verwysing se plek in die betrokke geskrif gegee word. Daarbenewens het die *Vetus Latina Institut* in Beuron, Wes-Duitsland, oor die jare heen 'n uitgebreide databank geskep. Hierin word elke enkele aanhaling en verwysing wat in Latynse geskrifte voorkom met volledige verwysings na die plek waar dit voorkom, op kaartjies aangebring.

Soos in die geval van die vertalings word daar ten opsigte van die patristiese sitate normaalweg ook gewerk met gepubliseerde uitgawes van die betrokke kerkvader eerder as individuele manuskripte. Ook in hierdie geval is dit egter noodsaaklik dat seker gemaak word dat die beste (kritiese) uitgawes van die betrokke werk geraadpleeg word.

Literatuur: Frede 1981; 1984; 1988.

2. DIE TRANSKRIPSIE VAN MANUSKRIPTE

Nadat die belangrike manuskripte opgespoor is, moet hulle gelees of getranskribeer word. Vanweë verskillende paleografiese faktore, is die teks nie altyd so maklik ontsyferbaar nie en dit vereis dikwels 'n baie ervare paleograaf of papiroloog om die teks akkuraat te transkribeer of te ontsyfer.

Literatuur: Finegan 1974; Metzger 1981.

3. DIE DATERING VAN BRONNE

Nadat die bronne van die betrokke teks versamel en gelees is, moet hulle gedateer word. Die datering van vertalings en geskrifte waarin gesiteer word, is normaalweg nie 'n groot probleem nie, omdat dit gewoonlik histories redelik noukeurig bekend is uit watter tydperk 'n vertaling kom en wanneer 'n kerkvader geleef het.

Met die manuskripte is dit egter anders gesteld. Hoewel sommige manuskripte gedateer is en dus 'n akkurate datering moontlik maak, is die oorgrote meerderheid manuskripte ongedateer, en moet aan die hand van bepaalde paleografiese beginsels besluit word in watter eeu 'n manuskrip gedateer moet word. Gelukkig is hierdie beginsels in so 'n mate verfyn en afgerond dat dit vandag moontlik is om 'n redelike mate van konsensus oor feitlik alle manuskripte se breë datering (met 'n eeu speling) te bereik, en is daar met enkele uitsonderings inderdaad ook konsensus onder tekskritici ten opsigte van die eeu waarin die manuskripte van die Nuwe Testament gedateer moet word.

Watter beginsels word in hierdie proses gebruik? In hoofstuk 1 hierbo is op

die belangrikste beginsels gewys. Enkele voorbeelde sal dus hier voldoende wees. Omdat dit bekend is dat Christene eers in die 4de eeu, of hoogstens laat in die 3de eeu, begin het om perkament in plaas van papyrus vir hul manuskripte te gebruik, is dit bekend dat geen manuskrip wat op perkament geskryf is, ouer as die 3de eeu kan wees nie. Indien 'n manuskrip dus op perkament geskryf is, moet dit later as die 3de eeu gedateer word. Papyrusmanuskripte, daarenteen, kan later as die 3de eeu gedateer word, omdat daar nie abrupt met die gebruik van papyrus gestaak is toe perkament in gebruik gekom het nie. Dit is verder bekend dat minuskelskrif eers in die 9de eeu in gebruik gekom het. Dit beteken weer dat 'n minuskelmanuskrip nie voor die 9de eeu kon ontstaan het nie. Deur hierdie en ander soortgelyke sake, soos die voorkoms van opskrifte, die Eusebiese kanons, kommentaar, die byvoeging van aksente en leestekens, paragraafonderskeidinge, ensovoorts, wat in die manuskripte gevind word, in verband te bring met die tyd toe hierdie praktyke in die oorlewering van die teks gevestig geraak het, kan redelik akkuraat bepaal word in watter eeu 'n manuskrip ontstaan het. Ten slotte kan manuskripte ook gedateer word aan die hand van kenmerkende eienskappe van die handskrif wat daarin voorkom. Daar is reeds in hoofstuk 1 op gewys dat daar onder die minuskelkodekse byvoorbeeld vier handskrifkategorieë, die *vetustissimi*, *vetusti*, *novelli* en *recentiores*, bestaan het. Deur die minuskel aan die kenmerkende eienskappe van die handskrif van elk van hierdie kategorieë te toets, kan dus redelik akkuraat bepaal word in watter eeu die betrokke manuskrip tuis behoort.

Op hierdie wyse moet elke bron wat geraadpleeg word, so noukeurig moontlik gedateer word.

Literatuur: Finegan 1974; YK Kim 1988; Metzger 1981.

4. DIE KOLLASIONERING VAN DIE BRONNE

In die eerste drie stappe van die versameling van data is hoofsaaklik met die identifisering van die bronne gewerk. In die laaste drie stappe word met die inhoudelike gewerk en word die teks van elke bron ontleed. Die eerste stap in hierdie afdeling is die vergelyking van die bronne met mekaar, ten einde te bepaal watter verskille daar tussen die bronne is. Hierdie proses van die vergelyking van bronne word *kollasie* genoem.

Literatuur: Finegan 1974; Metzger 1981.

4.1 Manuskripte

'n Manuskrip word gekollasioneer deur dit met 'n basisteks te vergelyk en alle verskille van die betrokke teks duidelik aan te teken. Enige basisteks kan vir die doel gebruik word. Gewoonlik word die *Textus Receptus* gebruik. Dit is egter belangrik om te onthou dat waar 'n hele aantal manuskripte in dieselfde gedeelte gekollasioneer word met die doel om die variasie in die manuskripte te identifiseer, dit belangrik is dat dieselfde basisteks vir al die kollasies gebruik word. Die doel met so 'n kollasie is dat die leser die volledige teks van die betrokke manuskrip kan rekonstrueer as hy die kollasie en die basisteks het. Dit is dus besonder belangrik dat akkuraat en volledig gekollasioneer moet word, ten einde foutiewe inligting te vermy.

Die kollasies word soos volg aangeteken: Die lesing van die basisteks word aangegee, gevolg deur 'n blokhakie] en die presiese lesing van die manuskrip, soos dit van die basisteks verskil, byvoorbeeld: 1. ὑμῶν] ἡμῶν beteken dat in vers 1, waar die basisteks die woord ὑμῶν bevat, die manuskrip die woord ἡμῶν bevat. Vir gemaklike uitkenning van die betrokke woord(e) wat verskil, word die versnommer links van die betrokke variasie aangetoon. Waar ὑμῶν twee keer in die betrokke vers voorkom, kan met 'n syfer in boskrif aangedui word of die variasie by die eerste of tweede ὑμῶν aangetref word, byvoorbeeld ὑμῶν¹] ἡμῶν, sou beteken dat na die eerste geval verwys word. Waar iets in die manuskrip bygevoeg is wat in die basisteks ontbreek, word dit soos volg aangedui: 3. μαθηταί] + τοῦ Ἰησοῦ. Dit beteken dat in die basisteks in vers 3 slegs μαθητῆς geskryf is, terwyl die manuskrip die woorde μαθηταί τοῦ Ἰησοῦ bevat. Wanneer iets in die basisteks voorkom, maar in die manuskrip wat met hom vergelyk word ontbreek, kan die weglating by wyse van 'n blote strepie of die woord omit aangetoon word, byvoorbeeld: 6. ὁ Θεός] - of 6. ὁ Θεός] omit beteken dat die woorde ὁ Θεός nie in die manuskrip voorkom nie. Wanneer daar 'n korreksie in 'n manuskrip voorkom en die korreksie verskil van die basisteks, terwyl die oorspronklike lesing met die basisteks ooreenstem, word die korreksie deur 'n verhewe c aangetoon en die oorspronklike lesing deur 'n verhewe asterisk *: Gestel die basisteks het die lesing ὁ Θεός en die manuskrip ὁ κύριος. Die lesing in die manuskrip is egter uitgekrap en met ὁ Ἰησοῦς vervang. Dit sal soos volg in die kollasie aangedui word: ὁ Θεός] ὁ κύριος* / ὁ Ἰησοῦς^c. Gestel nou dat die korrektor die oorspronklike lesing in die manuskrip (ὁ κύριος) uitgekrap het en met dieselfde lesing as die basisteks vervang het. Dit sal weer soos volg aangedui word: ὁ Θεός] ὁ κύριος* / txt^c of ὁ Θεός] ὁ κύριος^c / ὁ Θεός^c.

'n Besonder moeilike kollasieprobleem ontstaan wanneer manuskripte fragmentaries is of wanneer lakunes in 'n teks voorkom. Wanneer die teks van so 'n aard is dat letters slegs moeilik sigbaar is, word 'n punt onder die letter in die

kollasie geplaas. So sal ἡ δικαιοσύνη] ἡ ἀληθεία byvoorbeeld beteken dat die twee letters λ en η moeilik leesbaar is op die teks. Wanneer 'n lakune voorkom of 'n gedeelte van 'n woord heeltemal onleesbaar is, word dit tussen hakies of blokhakies geplaas, byvoorbeeld: ἡ δικαιοσύνη] ἡ ἀλ(ηθεία) of ἡ δικαιοσύνη] ἡ ἀλ[ηθεία]. Dit beteken dat die manuskrip by αλ ophou en dat die res van die woord ontbreek, maar as die aantal letters waarvoor daar nog plek in die reël is, getel word, is dit duidelik dat hierdie woord waarskynlik daar gestaan het.

Hieronder volg 'n voorbeeld van die kollasie van *Kodeks Θ* teen NA²⁶ in Lk 24: 1-3:

Die teks van Kodeks Θ:

τη δε μια των σαββατων ορθρου βαθεως, ηλθον γυναικες επι τω μνημα φερουσαι αι ητοιμασαν αρωματα και τινες συν αυταις ευρον δε τον λιθον. αποκεκοιλισμενον απο του μνημειου: και ησελθουσαι ουχ ευρον τω σωμα του κυ̅ ω̅.

Die teks van die basisteks (NA²⁶):

1. τῇ δὲ μιᾷ τῶν σαββάτων ὄρθρου βαθέως ἐπὶ τὸ μνήμα ἦλθον φέρουσαι ἃ ἠτοίμασαν ἀρώματα. 2. εὔρον δὲ τὸν λίθον ἀποκεκυλισμένον ἀπὸ τοῦ μνημείου, 3. εἰσελθοῦσαι δὲ οὐχ εὔρον τὸ σῶμα τοῦ κυρίου Ἰησοῦ.

Die kollasie:

1. ἐπὶ τὸ μνήμα ἦλθον] ηλθον γυναικες επι τω μνημα
1. ἦλθον] + γυναικες
1. τό] τω
1. ἄ] αι
1. ἀρώματα] + και τινες συν αυτοις
3. εἰσελθοῦσαι δέ] και ησελθουσαι
3. εἰσελθοῦσαι] ησελθουσαι
3. τό] τω

4.2 Vertalings

Vertalings word op dieselfde wyse as manuskripte gekollasioneer en indien die verskille tussen die vertaling en die Griekse teks aangeteken wil word, moet dit vanselfsprekend teen 'n Griekse basisteks gekollasioneer word. Dit bring eiesoortige probleme mee. Die belangrikste van hierdie probleme lê in die verskil tussen die

aard van tale, wat kan meebring dat iets soms na variasie lyk, maar dit in werklikheid nie is nie. So het Latyn byvoorbeeld geen lidwoord nie. Dit is gevolglik in gevalle waar die Griekse basisteks 'n lidwoord gebruik, onmoontlik om te weet of die grondteks van die Latynse vertaling 'n lidwoord gehad het of nie. Ter wille van volledigheid word in die kollasiestadium egter alle verskille aangetoon. Wanneer die variasie-eenhede en variante lesings geïdentifiseer word, word hierdie probleem opgelos en word slegs die toepaslike variasie geselekteer. Dit is beter om in daardie gevalle die volle prentjie te hê as slegs 'n gedeeltelike prentjie.

Hieronder volg 'n voorbeeld van die kollasie van *Kodeks a* (3) (die Latynse manuskrip) teen NA²⁶ in Lk 24: 1-3:

Die teks van Kodeks a:

Prima autem die sabbatorum venerunt ante lucem valde ad monumentum adferentes quae paraverunt invenerunt autem lapidem revolutum a monumento ingressae autem non invenerunt corpus.

Die teks van die basisteks (NA²⁶):

1. τῇ δὲ μιᾷ τῶν σαββάτων ὄρθρου βαθέως ἐπὶ τὸ μνήμα ἦλθον φέρουσαι ἃ ἡτοιμάσασιν ἄρώματα.
2. εὗρον δὲ τὸν λίθον ἀποκεκυλισμένον ἀπὸ τοῦ μνημεῖου,
3. εἰσελθοῦσαι δὲ οὐκ εὗρον τὸ σῶμα τοῦ κυρίου Ἰησοῦ.

Die kollasie:

1. τῇ δὲ μιᾷ] *prima autem die*
1. ὄρθρου βαθέως] *ante lucem valde*
1. ὄρθρου βαθέως ἐπὶ τὸ μνήμα ἦλθον] *venerunt ante lucem valde ad monumentum*
1. ἄρώματα] -
3. τοῦ κυρίου Ἰησοῦ] -

Literatuur: Brock 1976; Metzger 1977.

4.3 Sitate

Soos in die geval van die vertalings, word die sitate uit en verwysings na die Nuwe Testament op dieselfde wyse as die manuskripte gekollasioneer. Van die drie soorte bronne is die sitate en verwysings egter die moeilikste om te kollasioneer, omdat daar 'n aantal probleme is wat die saak ingewikkeld maak.

Die eerste probleem lê in die aanhaling of verwysing self. Omdat aanhalings

en verwysings sonder enige aanduiding normaalweg bloot by die teks ingeweerf is, is dit soms moeilik om te bepaal presies waarna die skrywer verwys, omdat die woordorde soms verskil, of die woorde en frases met sinonieme of parallelle vervang is. Dit beteken dat daar in die geval van die kollasie van sitate baie noukeurig te werk gegaan en ook baie presies bepaal moet word of die verskil tussen die sitaat en die basisteks werklik 'n verskil in teks is en of dit nie maar bloot 'n aanpassing van die lesing by die styl of woordorde van die patristiese teks is nie. Hierdie probleem is veral belangrik in die geval van kort aanhalings waar kerkvaders soms uit die hoof aangehaal het en nie presies was nie.

Hieronder volg 'n voorbeeld van aanhalings van 'n kerkvader uit Lk 24: 1-3. Die basisteks is weer eens NA²⁶, terwyl sitate uit Eusebius vir die kollasie gebruik word.

Sitate:

1. τῇ μιᾷ τῶν σαββάτων ὄρθρου βαθέως ἦλθον αἱ γυναῖκες ἐπὶ τὸ μνημεῖον φεροῦσαι ἃ ἠτοίμασαν ἀρώματα καὶ τινες σὺν αὐτοῖς
2. καὶ εὗρισκούσιν αὐτὸν ἀποκεκυλισμένον ἐκ τοῦ μνημεῖου,
3. εἰσελθοῦσαι δὲ οὐχ εὔρον τὸ σῶμα τοῦ κύριου Ἰησοῦ.

Die teks van die basisteks (NA²⁶):

1. τῇ δὲ μιᾷ τῶν σαββάτων ὄρθρου βαθέως ἐπὶ τὸ μνήμα ἦλθον φεροῦσαι ἃ ἠτοίμασαν ἀρώματα.
2. εὔρον δὲ τὸν λίθον ἀποκεκυλισμένον ἀπὸ τοῦ μνημεῖου,
3. εἰσελθοῦσαι δὲ οὐχ εὔρον τὸ σῶμα τοῦ κύριου Ἰησοῦ.

Die kollasie:

1. δὲ] -
1. βαθέως] βαθέος
1. ἐπὶ τὸ μνήμα ἦλθον] ἦλθον αἱ γυναῖκες ἐπὶ τὸ μνημεῖον
1. μνήμα] μνημεῖον
1. ἦλθον] + αἱ γυναῖκες
1. ἀρώματα] + καὶ τινες σὺν αὐταῖς
2. εὔρον δέ] καὶ εὗρισκούσιν
2. τὸν λίθον] αὐτόν
2. ἀπὸ] ἐκ

Literatuur: Frede 1972; Prigent 1972.

5. DIE IDENTIFIKASIE VAN VARIASIE-EENHEDE

Nadat alle bronne versamel en gekollasioneer is om te bepaal waar en watter verskille daar in die teks van die verskillende bronne voorkom, moet die inligting wat op hierdie wyse versamel is, gesistematiseer word en sistematies voorgestel word. Dit wil sê, die variasie-eenhede moet afgebaken word. Dit hou in dat al die kollasies met mekaar vergelyk sal word ten einde te bepaal waar daar variasie in die bronne voorkom. Elke variasie-eenheid word geïdentifiseer deur elke variante lesing in elke geval van variasie te noteer en dan te bepaal waar elke individuele geval van variasie begin en waar dit eindig.

Om die inligting gemaklik te verwerk, kan die variasie soos volg noteer word ('n ander manier van kollasie):

	A	
1: BASISTEKS	τη δε μιν	των σαββατων
2: Θ	" " "	" "
3: a	Prima autem + die	" "
4: Eus	" - "	" "

B		
1:	ορθρου βαθεως επι το μνημεια	ηλθον
2:	" " ηλθον + γυναικες	επι τω μνημα
3:	venerunt ante lucem valde	ad monumentum
4:	" βαθεος ηλθον + αι γυναικες	επι το μνημειων

	C	D	E
1: φερουσαι	α	ητοιμασαν	αρωματα
2: "	αι	"	"
3: "	"	"	-
4: "	"	"	"
			+ και τινες συν αυτοις
			+ και τινες συν αυτοις

Nadat die inligting op hierdie manier verkry is, kan die variasie-eenhede individueel met elke variante lesing daarin genoteer word. In Lk 24: 1-3 kom dus die volgende variasie-eenhede onder die bronne wat hierbo gekollasioneer is, voor:

Vers 1:

1. τη δε μια / τη μια / *prima autem die*
2. ορθρου βαθεως ηλθον γυναικες επι τω μνημα / ορθρου βαθεος ηλθον αι γυναικες επι το μνημειον / *venerunt ante lucem valde ad monumentum*
3. α / αι
4. αρωματα / --
5. και τινες συν αυτων / --

Vers 2:

1. ευρον δε / και ευρισκουσι
2. τον λιθον / αυτον
3. απο / εκ

Vers 3:

1. εισελθουσαι / και ησελθουσαι
2. το / τω
3. του κυριου ιησου / --

Literatuur: Clemons 1974; Colwell & Tune 1964; Epp 1976c.

6. DIE OPSTEL VAN 'N KRITIESE APPARAAT

Die laaste stap in die versameling van die data is om die bronne waarin elke variante lesing binne elke variasie-eenheid voorkom, by elke variasie-eenheid individueel te noteer. Hierdeur is al die inligting versamel en op 'n sistematiese wyse voorgestel. Die tekskritikus is nou gereed om met sy eintlike werk, die beoordeling van die bronne en variasie-eenhede, te begin.

Die kritiese apparaat van die drie bronne wat in Lk 24: 1-3 gekollasioneer is, lyk soos volg:

Vers 1:

τη δε μιᾶ τῶν σαββάτων ὀρθρου βαθέως ἐπὶ τὸ μνῆμα ἦλθον φεροῦσαι ἅ

ἠτοιμάσαν ἄρώματα

1. τῆ δὲ μιᾷ (Θ) / τῆ μιᾷ (Eus) / *prima autem die* (a)
2. ὄρθρου βαθέως ἦλθον γυναικὲς ἐπὶ τῷ μνήμα (Θ) / ὄρθρου βαθεὸς ἦλθον αἱ γυναικὲς ἐπὶ τὸ μνημεῖον (Eus) / *venerunt ante lucem valde ad monumentum* (a)
3. ἅ (a Eus) / αἱ (Θ)
4. ἄρώματα (Θ Eus) / -- (a)
5. καὶ τινες σὺν αὐτῶν (a) / -- (Θ Eus)

Vers 2:

εὗρον δὲ τὸν λίθον ἀποκεκλισμένον ἀπὸ τοῦ μνημείου

1. εὗρον δέ (Θ a) / καὶ εὕρισκοῦσιν (Eus)
2. τὸν λίθον (Θ a) / αὐτόν (Eus)
3. ἀπὸ (Θ) / ἐκ (Eus) / ἀπό of ἐκ (a)

Vers 3:

εἰσελθοῦσαι δὲ οὐχ εὗρον τὸ σῶμα τοῦ κύριου Ἰησοῦ

1. εἰσελθοῦσαι δέ (Θ) / καὶ ἤσελθοῦσαι (Eus) / εἰσελθοῦσαι δέ of καὶ ἤσελθοῦσαι (a)
2. τό (Eus) / τῷ (Θ) / τό of τῷ (a)
3. τοῦ κύριου Ἰησοῦ (Θ Eus) / -- (a)

Wanneer hierdie punt bereik is, is 'n volledige *kritiese apparaat* daargestel en kan nou met die rekonstruksie van die teksgeskiedenis en die rekonstruksie van die teks begin word. Dit is belangrik dat die opstel van die kritiese apparaat so noukeurig en in soveel detail moontlik gedoen word. Hoe meer detail, hoe groter die sekerheid waarmee die eintlike probleem, die keuse van die oorspronklike lesing, opgelos kan word.

Literatuur: JK Elliott 1986b; FC Grant 1950; RM Grant 1950; Metzger 1950; Wikgren 1950.